

DIE SCENARIO

(voorafvrygestelde inligting)

Item	Titel	Bladsy
1	Agtergrondinligting	2
2	Finansiële inligting	3
3	Toekomstige strategie	3
4	Samesprekings met Baywatch Private Equity	3
Aanhangsel A	Uittreksel uit <i>The Wood Foundation</i> -brosjyre	5
Aanhangsel B	Voorlopige finansiële inligting vir oorsig deur die WBP-direkteure by die 18 November 2014 Direksievergadering	6
Aanhangsel C	Afskrif van die Direksievergaderingnotule	9
Aanhangsel D	Baywatch voorwaardeskedule	13
Aanhangsel E	Afskrif van 'n e-pos van Alexander aan Hawkes (gedateer 27 Oktober 2014)	15
Aanhangsel F	Afskrif van 'n e-pos van Alexander aan Hawkes (gedateer 13 November 2014)	16

WBP (EDMS) BPK

1 AGTERGRONDINLIGTING

WBP (Edms) Bpk ('WBP') is in 1990 deur Frik Alexander en Chris Sutton gestig. Die maatskappy het aanvanklik as 'n herverkoper van sowel grein- as mediumdigtheid veselplanke (MDV), waarna gesamentlik as veselplanke (Eng.: 'fibre boards') verwys word, begin. Die veselplanke word van 'n beperkte aantal verskaffers (kyk aanhangsel A vir meer inligting) verkry.

WBP het mettertyd sy bedrywighede uitgebrei deur 'n persaanleg te verkry waarmee papier- en melamienlae op veselplanke gelamineer kon word. Hierdie vervaardigingsproses lever 'n hoegehalte afwerking en verbeter die veelsydigheid van die planke, wat beter marges moontlik maak. In 2000 het WBP hoër in die waardeketting opbeweeg deur te begin om 'n MDV-reeks van binne- en buitedeure te ontwerp en te vervaardig.

Die doeltreffendheid van die onderskeie bedrywighede is hoofsaaklik afhanklik van –

- die verkryging van hoegehalte veselplanke;
- minimalisering van die afwerkingsverlies (Eng.: 'trim loss') wat ontstaan wanneer planke tot pasgroottes hersny word;
- minimalisering van gehalte-uitskotte tydens die laminerings- en deurvervaardigingsprosesse;
- uitstekende vervaardigingskedulering en verwante voorraadbestuur; en
- die bereiking van hoë vlakke van toerusting bedryfstyd.

WBP se visie is om die toonaangewende verskaffer van plankpanele en -deure in Suid-Afrika te wees. Die maatskappy het tot 'n gedugte mededinger in die houtgebaseerde paneel- en deurindustrie gegroei. Die maatskappy se hoofkantoor en vervaardigingsfasiliteite is in Pietermaritzburg geleë, en die maatskappy het 120 personeellede in diens. Die vervaardigingsprosesse is redelik geautomatiseer en die maatskappy maak grootskaals van rekenaarnumeriese beheermasjiene gebruik. Kliënte sluit meubelvervaardigers, winkeluitrusters, kantormeubelverskaffers, kombuis- en badkamerderskaffers, die kommersiële en industriële skrynwerksektor en kleinhandelaars en verspreiders van houtgebaseerde produkte in.

Die Direksie en die direkteure se onderskeie verantwoordelikhede en aandeelhoudings in WBP word in die tabel hieronder uiteengesit:

	Verantwoordelikheid	Effektiewe aandeelhouding
Frik Alexander	Uitvoerende voorsitter	40%
Chris Sutton	Hoof- uitvoerende beampete	40%
Stan Hawkes	Hoof- finansiële beampete	0%
Niall Rice	Nie-uitvoerende direkteur	0%
Babalwa Masete	Nie-uitvoerende direkteur	5%
		85%

Masete het 'n 25% aandeelhouding in Liberated Women's Movement (Edms) Bpk ('LWM'), wat op sy beurt 20% van WBP se uitgereikte aandelekapitaal besit. LWM is 'n konsortium van hoëprofiel swart sakevroue wat ekwiteitsbelange in 'n wye verskeidenheid van besighede verkry.

Rice is 'n senior venoot van Rice Sizwe Ingelyf, WBP se regadviseurs.

2 FINANSIËLE INLIGTING

WBP se finansiële bestuurder het 'n dokument voorberei wat die Direksie tydens die vergadering wat op 18 November 2014 gehou sal word (kyk aanhangsel B), sal oorweeg. Die dokument bevat uittreksels uit die geouditeerde finansiële state vir die jare geëindig 31 Oktober 2012 ('FJ2012') en 2013 ('FJ2013') en die bestuurstate vir die jaar geëindig 31 Oktober 2014 ('FJ2014').

3 TOEKOMSTIGE STRATEGIE

Die Direksie raak al meer gefrustreerd met handelstoestande. WBP het in 2010 en 2011 beduidende bedrae in nuwe aanleg en masjinerie belê, met die verwagting dat marktoestande sou verbeter en sou terugkeer na vlakke wat voor 2009 geheers het. Dit het egter nie gebeur nie.

Die Direksie beraadslaag al die afgelope ses maande oor die toekomstige strategie van die maatskappy en die volgende alternatiewe is geïdentifiseer:

- Behou die bestaande besigheidsmodel soos dit is; met ander woorde, wag vir ekonomiese toestande om te verbeter en fokus intussen op die verbetering van interne doeltreffendhede;
- Verkry of maak kleinhandel verspreidingsafsetpunte oop; of
- Belê in 'n greinplank vervaardigingsfasiliteit.

Die Direksie is verdeeld oor watter alternatief nagestreef moet word. Alexander is vas oortuig dat WBP in sy eie greinplank vervaardigingsfasiliteit moet belê. Dit sal WBP minder afhanklik van sy verskaffers maak en die maatskappy in staat stel om in die marge wat deur verskaffers behaal word, te deel. Dit sal WBP ook in staat stel om sy eie verskaffingsketting te beheer – die maatskappy moet te gereeld twee weke vir 'n aflewering van greinplanke wag wanneer 'n dringende, op-die-nippertjiebestelling ontvang word.

Sutton is heftig teen die greinplank geleentheid gekant en sy mening hieroor is in notules van Direksievergaderings aangeteken (kyk aanhangsel C vir 'n afskrif van die notule van die mees onlangse Direksievergadering).

4 SAMESPREKINGS MET BAYWATCH PRIVATE EQUITY

4.1 Voorwaardeskedule (Eng.: 'term sheet')

Baywatch Private Equity (Edms) Bpk ('Baywatch') is 'n plaaslike privaatekwiteitsfondsbestuurder. Baywatch het WBP in Julie 2014 genader om 'n moontlike belegging in die maatskappy te ondersoek. Voorlopige samesprekings het goed gevorder en Baywatch het 'n voorwaardeskedule voorgelê vir oorweging deur WBP se Direksie en aandeelhouers (kyk aanhangsel D).

4.2 Aanstelling van nuwe eksterne ouditeure

Baywatch het aangedui dat hy wil hê dat WBP 'n ouditfirma moet aanstel wat nasionaal bedryf word en, indien Baywatch wel belê, sal dit 'n vereiste van die aandeelhouersoordeenskoms wees.

Fisher Goetsch & Hegarty Ingelyf ('FGH'), 'n klein firma van Geregistreerde Ouditeure wat in Pietermaritzburg geleë is, is sedert WBP se inlywing die maatskappy se ouditeure. In die lig van die goeie verhouding wat tussen FGH en WBP bestaan, het WBP se Direksie besluit dat aangesien onderhandelinge met Baywatch nog aan die gang is, FGH aangestel sal word om die audit van die maatskappy se 2014 finansiële state uit te voer. Die Direksie besef egter

dat indien die transaksie met Baywatch wel gesluit word, daar met Baywatch ooreenstemming bereik sal moet word oor die firma wat aangestel word om WBP se 2015 finansiële state te oudit.

4.3 Besigheidsvolhoubaarheid

Tydens die voorlopige samesprekings het Baywatch vir Alexander en Sutton uitgevra oor die maatskappy se volhoubaarheidsplan. Dit het hulle onkant betrap en hulle moes vra vir 'n verduideliking, aangesien hulle aanvanklik gemeen het dat Baywatch wou weet of WBP omgewingsbewus is. Baywatch wou egter eintlik inligting gehad het oor die spesifieke inisiatiewe wat die maatskappy besig was om te implementeer, of te oorweeg, om aan besigheidsvolhoubaarheid te bou – en dit strek veel verder as bloot net omgewingsake.

Toe Baywatch vir Alexander en Sutton oor die ontwikkelinge ten opsigte van geïntegreerde verslagdoening inlig, het Alexander geantwoord dat dit hoogs onwaarskynlik is dat WBP 'n geïntegreerde verslag binne die volgende vyf jaar sou uitbring, aangesien die maatskappy nie van plan is om in die kort termyn op die Johannesburgse Effektebeurs te noteer nie.

AANHANGSEL A

UITTREKSEL UIT THE WOOD FOUNDATION-BROSJURE

BOARD MANUFACTURING

Timber board refers to products, which are made by compressing woodchips and other wood residue into a condensed panel by using heat and pressure. The two types of timber board products are particleboard (chipboard) and fibreboard, which includes medium density fibre board (MDF), insulation board and hardboard. There are well known brands such as BisonBord, Novobord and Masonite under which these products are sold in South Africa.

Timber board products are well known for their versatility and have various applications ranging from panelling, furniture and flooring to thermal insulation in buildings. The fibre inputs to timber board production are received from sawmilling wood residue and wood chips being the main source. In addition, fibreboard producers (Masonite and PG Bison) own their own plantations, which are used as a source of virgin fibre in the production process; other companies source virgin fibre from other plantations close to their production plants.

Within South Africa, the four main producers of timber board products are PG Bison, Sonae Novobord, Masonite and William Tell. PG Bison and Sonae are the only producers of MDF and Masonite is the only producer of hardboard and insulation board in South Africa. MDF is typically used in the furniture and joinery industry. Engineered medium density fibreboard blend the advantages of manufactured board with the natural properties of solid timber, allowing for the most traditional wood working techniques. Hardboard is used for exterior building cladding, panelling and furniture. Insulation board is used for cladding. Three domestic producers - PG Bison, Sonae and William Tell as well as a small number of importers supply the particleboard market. Particleboard is used extensively in shopfitting,

kitchen manufacturing, domestic and office furniture industry amongst others. Imported timber board products are at a disadvantage to domestically produced boards, as imported boards are not always convenient in terms of delivery time. The furniture manufacturing industry, the largest user of timber boards, is cyclical, with much higher production in the second half of the year, reaching a peak in the last quarter of the year, where manufacturers have to operate optimally.

The export market for board products is subjected to production capacity of other world players and the variability of our exchange rate. A weaker Rand favours increased exports and vice versa. Timber boards are primarily exported to India, the rest of Africa, Europe and South America.

Domestically, timber board products are distributed through a large number of distributors (known as board resellers), who purchase timber board from the main producers or through imports, store the product in depots from where they supply the various users of timber board products. Furniture manufacturers such as the The Bravo Group and Montani purchase high volumes of timber board.

The timber board industry has very close ties to other producers in the forestry/wood product sector. The timber board industry sources its timber inputs from plantations and timber processors that produce wood residue (such as sawmills), and thus is directly reliant on the existence of domestic plantations.

Bron: The Wood Foundation, The Wood Foundation-brosjure bladsy 17, <http://thewoodfoundation.co.za/brochure/files/assets/basic-html/page17.html> (toegang verkry op 5 Augustus 2014).

AANHANGSEL B

**VOORLOPIGE FINANSIËLE INLIGTING VIR OORSIG DEUR DIE WBP-DIREKTEURE BY
DIE 18 NOVEMBER 2014 DIREKSIEVERGADERING**

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP 31 OKTOBER					
	Aant.	Bestuur- state	Geouditeer	Geouditeer	
		2014	2013	2012	
		R'000	R'000	R'000	
BATES					
Niebedryfsbates		97 050	98 110	90 950	
Eiendom, aanleg en toerusting	2	97 050	98 110	90 950	
Bedryfsbates		63 424	62 124	63 261	
Voorraad		32 231	31 510	26 663	
Handels- en ander debiteure		30 990	27 554	20 831	
Kontant en kontantekwivalente		203	3 060	15 767	
Totale bates		160 474	160 234	154 211	
EKWITEIT					
Verklaarde kapitaal		3 000	3 000	3 000	
Behoue inkomste		99 697	95 545	86 143	
Totale ekwiteit		102 697	98 545	89 143	
LASTE					
Niebedryfslaste		23 145	29 855	36 255	
Rentedraende lenings	3	21 905	28 555	35 005	
Uitgestelde belasting	4	1 240	1 300	1 250	
Bedryfslaste		34 632	31 834	28 813	
Handels- en ander krediteure		28 201	24 035	19 997	
Rentedraende lenings	3	4 381	5 711	7 001	
Voorsienings	5	1 854	1 732	1 575	
Lopende belasting betaalbaar		196	356	240	
Totale laste		57 777	61 689	65 068	
Totale ekwiteit en laste		160 474	160 234	154 211	

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JARE GEËINDIG 31 OKTOBER				
	Aant.	Bestuur-state	Geouditeer	Geouditeer
		2014	2013	2012
		R'000	R'000	R'000
Inkomste		188 529	182 851	168 960
Koste van verkope	6	(147 053)	(135 310)	(121 651)
Bruto wins		41 476	47 541	47 309
Finansieringsinkomste		80	471	523
Verspreidingsuitgawes		(14 023)	(13 229)	(11 812)
Verkoop- en bemarkingsuitgawes		(2 955)	(3 291)	(3 375)
Administratiewe uitgawes		(7 910)	(7 304)	(6 750)
Ander uitgawes	6	(8 069)	(7 612)	(6 920)
Bedryfswins		8 599	16 576	18 975
Finansieringskoste		(2 876)	(3 562)	(3 753)
Wins voor belasting		5 723	13 014	15 222
Inkomstebelastinguitgawe				
Lopend		(1 631)	(3 562)	(4 186)
Uitgestel		60	(50)	(70)
Wins vir die jaar		4 152	9 402	10 966
Ander omvattende inkomste		–	–	–
Totale omvattende inkomste vir die jaar		4 152	9 402	10 966

Aantekeninge voorberei deur die finansiële bestuurder

- 1 Die 2014 konsep resultate en die aantekeninge hieronder voldoen nie noodwendig aan IFRS se aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes nie, en sal in elk geval nog aan 'n audit onderhewig wees.
- 2 Eiendom, aanleg en toerusting op 31 Oktober 2014 bestaan uit –
 - aanleg en toerusting van R82 550 000 (2013: R83 610 000); en
 - grond en geboue van R14 500 000 (2013: R14 500 000).
Latere meting van die grond en geboue is ooreenkomstig die kostemodel. 'n Onlangse onafhanklike waardasie van die eiendom het getoon dat die huidige markwaarde daarvan op R25 miljoen geskat word. Die grond en geboue word uitsluitlik deur WBP gebruik en word nie vir doeleindes van kapitaalgroei gehou nie.
- 3 Rentedraende lenings verteenwoordig laste ingevolge afbetalingsverkoop-ooreenkomste. Die effektiewe rentekoers is aan die prima-uiteleenkoers gekoppel. Paaiemente is betaalbaar oor tydperke wat wissel van 5–7 jaar. WBP het gedurende FJ2010 en FJ2011 aansienlike bedrae ingevolge die afbetalingsverkoopooreenkomste geleent om die verkryging van nuwe aanleg en toerusting gedurende hierdie tydperke te finansier. WBP het 'n beduidende gedeelte van sy bestaande vervaardigingsmasjinerie in 2010 en 2011 met gevorderde rekenaarnumeriese beheermasjiene vervang. Op daardie tydstip was die bedoeling om seker te maak dat WBP deur die verbetering van vervaardigingsdoeltreffendhede en die vermindering van vermorsing in die fabriek 'n mededingende voordeel sou hê.
- 4 Uitgestelde belasting hou verband met die verpligtinge wat voortspruit uit versnelde kapitaaltoelaes op aanleg en toerusting en die tydelike verskille op voorsienings en opgelope uitgawes.
- 5 Voorsienings het betrekking op beraamde kortings wat aan kliënte betaalbaar is. WBP het kortingooreenkomste met sekere kliënte ingevolge waarvan die maatskappy bedrae aan hulle sal betaal indien hulle op 'n kwartaallikse grondslag gespesifieerde

aankoopvolumes bereik. Die kortings is egter slegs betaalbaar indien kliënte aan ooreengekome betalingsvoorwaardes op hul rekeninge voldoen het.

- 6 Totale waardevermindering van R8 560 000 is in FJ2014 (FJ2013: R8 340 000) erken. WBP se waardevermindering beleid is om die koste van geboue, aanleg en toerusting oor die verwagte nutsduur tot die verwagte reswaardes daarvan af te skryf.

AANHANGSEL C
AFSKRIF VAN DIREKSIEVERGADERINGNOTULE

WBP (EDMS) BPK
VERGADERING VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE
GEHOU OP VRYDAG 17 OKTOBER 2014

NOTULE

	Teenwoordig F Alexander (FA) – voorsitter C Sutton (CS) S Hawkes (SH) B Masete (BM) Verskonings N Rice (NR)	Optrede
1	Verwelkoming en kworum Die voorsitter het almal welkom geheet. Aangesien daar 'n kworum was, is verklaar dat die vergadering behoorlik gekonstitueer was.	
2	Verskonings Die Direksie het kennis geneem van NR se verskoning.	
3	Bevestiging van die agenda Die agenda wat op 3 Oktober 2014 uitgestuur is, is voorgelê en sonder enige veranderinge aanvaar.	
4	Notule van die vorige vergadering Die notule van die vergadering wat op 12 September 2014 gehou is, is voorgelê en sonder enige veranderinge goedgekeur.	
5	<p>Optrede wat uit die 12 September 2014 vergadering spruit</p> <p>Oudit- en Risikokomitee Soos tydens die vorige vergadering ooreengekom is, is die Oudit- en Risikokomitee as die eerste subkomitee van die Raad ingestel. Die Direksie het kennis geneem dat hierdie Komitee sy eerste vergadering op 26 September 2014 gehou het. NR is die voorsitter, en die ander komiteelede is BM en SH.</p> <p>Die Komitee se onmiddellike take is soos volg:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Stel 'n risikoregister op en identifiseer potensiële optrede wat die geïdentifiseerde risiko's kan teenwerk; • Beraadsblaag met die eksterne ouditeure (FGH) oor die audit van die maatskappy se 2014 finansiële state (die auditwerk sal op 27 Oktober 2014 begin ten einde die auditsperdatum van 15 Januarie 2015 te bereik); en • Evalueer die internebeheermaatreëls van toepassing op die klaarproduktevoorraad in die pakhuis om te bepaal of dit toereikend en toepaslik is. <p>Die Direksie het BESLUIT dat, as 'n pro-aktiewe maatreël en in die lig van Baywatch se voorkeur vir 'n nasionale firma, SH met informele samesprekings met 'n aantal oudifirmas met 'n nasionale voetspoor begin om 'n opvolger vir FGH te identifiseer, en by die volgende Direksievergadering hieroor terugvoering gee.</p> <p>SH het verduidelik dat voordat 'n nuwe oudifirma aangestel kon word,</p>	SH

	<p>die Oudit- en Risikokomitee in die besonder aandag sou moes skenk aan die wyse waarop die ouditfirma toereikende toepaslike auditbewyse insamel en dit dokumenteer. Die Komitee is oortuig daarvan dat dit vir hoëgehalte oudits noodsaaklik is. Die Direksie het sodanig daarvan kennis geneem.</p> <p>Borgskapooreenkoms</p> <p>WBP het 'n sesmaandeborgskap met Maritzburg United, 'n plaaslike sokkerklub, voorgestel in ooreenstemming waarmee die WBP-logo gedurende die 2015 seisoen prominent op hul sokkertruiie vertoon sou word.</p> <p>Die Direksie het KENNIS GENEEM dat 'n ooreenkoms teen 'n totale koste van R25 000 aangegaan is.</p>	
6	<p>Samesprekings met Baywatch</p> <p>FA en CS het die Direksie meegedeel dat Baywatch gedurende onlangse samesprekings voorgestel het dat Baywatch ongeveer R50 miljoen by wyse van 'n inskrywing op nuwe aandele in WBP belê. Die kapitaalinspuiting sal gebruik word vir die finansiering van, of vir 'n belegging in, 'n greinplankaanleg of die verkryging van 'n kleinhandel verspreidingbesigheid.</p> <p>Baywatch het ook aangedui dat hy graag sy ekwiteitsaandeelhouding in Oikos Building Supplies (Edms) Bpk ('Oikos') vir aandele in WBP wil ruil. CS het genoem dat WBP tans in 'n beperkte mate besigheid met Oikos doen. Oikos fokus op kleiner kliënte en het 'n goeie reputasie in die mark. WBP het histories groter winkeluitrusters, meubelvervaardigers en kombuisinstalleerders direk, of indirek deur groothandelaars en verspreiders, geteiken.</p> <p>CS het bygevoeg dat Baywatch aangedui het dat hy 'n sterk voorkeur vir die verkryging van 'n kleinhandelbesigheid in teenstelling met 'n greinplankaanleg het, aangesien Baywatch van mening was dat die eersgenoemde wins vinniger sou laat toeneem en oor die lang termyn waarde sou toevoeg. Baywatch was egter bereid om albei voorstelle te oorweeg en op 'n later stadium 'n ingeligte besluit daaroor te neem.</p> <p>Die Direksie het BESLUIT dat die besluit om in 'n greinplankaanleg te belê of om 'n kleinhandelbesigheid te verkry, uitgestel word totdat Baywatch se belegging gefinaliseer is.</p> <p>Baywatch het aangedui dat die waardasiemetodologie wat toegepas sou word om WBP te waardeer, 'n nettobatewaarde benadering sou wees. Volgens CS was Baywatch beïndruk met WBP se swart ekonomiese bemagtiging-status, wat beter is as dié van enige van die maatskappy se mededingers.</p> <p>CS het genoem dat Baywatch waarskynlik daarop sou aandring dat WBP gesonde korporatiewe beheerbeginsels en -prakteke aanvaar, aangesien dit Baywatch se normale praktek vir sy beleggings in privaatmaatskappye was. Die veranderinge wat vereis sou word, sal so gou moontlik nadat Baywatch belê het, geïdentifiseer en geïmplementeer moet word.</p> <p>Die Direksie het dienooreenkombstig BESLUIT dat SH 'n lys van die benodigde wysigings aan die beheerstrukture, saam met die begrote</p>	SH

	<p>koste daarvan, vir voorlegging by die volgende Direksievergadering voorberei.</p> <p>CS het bygevoeg dat Baywatch na verwagting voor of op 14 November 2014 'n voorwaardeskedeule sou voorlê waarin die sleutelvoorwaardes van sy voorgestelde belegging uiteengesit sou wees. Hy het die Direksie daaraan herinner dat dit belangrik was om te verstaan watter impak die transaksie op die finansiële state sou hê.</p>	
7	<p>Greinplankaanleg</p> <p>Die Direksie het die redes vir 'n belegging in 'n greinplankaanleg breedvoerig bespreek. FA en SH het sterk daaroor gevoel dat WBP sou baat by toegang tot sy eie greinplank, wat tot verbeterde bruto marges sou lei. Hulle was ook van mening dat die verskaffingskettingvoordele beduidend sou wees.</p> <p>CS het genoem dat hy die idee in beginsel met 'n direkteur van 'n toonaangewende globale vervaardiger van greinplanke bespreek het. Volgens hierdie direkteur hang die sukses van greinplankvervaardiging van omvang (skaal) af en verder is toegang tot grondstowwe (houtoorskot en houtsplinters) van kritieke belang. CS het verklaar dat indien WBP in 'n greinplankaanleg sou belê, hy noodgedwonge sy betrokkenheid as direkteur en aandeelhouer van WBP sou moes herevalueer.</p> <p>Die Direksie het BESLUIT dat SH en die WBP fabrieksbestuurder die greinplankgeleentheid deegliker ondersoek en by die volgende Direksievergadering daaroor verslag doen.</p> <p>Die Direksie het verder BESLUIT dat die volgende inligting verkry moet word:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Gedetailleerde lys van toerustingkoste wat met verskillende produksievolumes verband hou; • 'n Konsep kapitaalbegroting; • Kritieke suksesfaktore; en • 'n Aanbeveling of verdere samesprekings met Duitse en Sjinese verskaffers van aanleg en toerusting gevoer moet word. 	SH SH
8	<p>Resultate vir die 11 maande geëindig 30 September 2014</p> <p>SH het verslag gelewer oor die winste vir die jaar tot op datum en die staat van finansiële posisie aan die einde van September. Verdienste voor rente en belasting (Eng.: 'Earnings before interest and tax' ('EBIT')) vir die 11-maande-tydperk was R1 500 000 laer as waarvoor begroot is. Verkoopvolumes is 4% hoër as in die vorige tydperk. Die verkoopprysse is egter dieselfde of gemiddeld effens laer as in die vorige tydperk. Mededingers het pryse gesny om besigheid te lok en WBP het hierop reageer deur pryse op sekere produklyne te verminder.</p> <p>WBP het hard probeer om kostestygings tot 'n minimum te beperk. Ongelukkig het die maatskappy geen beheer gehad oor die toename in die koste van elektrisiteit en brandstof nie, en WBP was ook nie in staat daartoe om hierdie kostestygings aan kliënte oor te dra nie.</p> <p>WBP het salaris- en loonverhogings vir 2014 / 2015 met die vakbond bespreek. Die vakbond het aangedui dat hulle 'n 12% verhoging vir alle personeel wou hê. WBP se verteenwoordigers het geantwoord dat dit 'n onredelike eis is en dat 'n verhoging gegrond op inflasie meer redelik sou wees.</p>	

	<p>SH het gerapporteer dat voorraadbestuursverbeterings steeds besig was om vrugte af te werp vir WBP. Ongelukkig stel die meerderheid kliënte betalings van uitstaande bedrae uit, wat druk op bedryfskapitaalvlakke plaas.</p> <p>SH het gesê dat die Finansiesafdeling besig was om oortyd te werk om seker te maak dat WBP se konsep resultate op 18 November 2014 vir oorsig deur die Direksie gereed sou wees. Hy het bygevoeg dat die bereiking van hierdie sperdatum 'n aansienlike prestasie sou wees en van die stelsels wat in plek is en die toewyding van die personeel van hierdie Afdeling sou getuig.</p>	
9	<p>Langtermynaanpasporingskema</p> <p>Die Direksie het met belangstelling kennis geneem van die bestuursaanpasporingskema wat Tsogo Sun Holdings Bpk in Augustus 2014 aangeneem het. Daar is voorgestel dat WBP 'n soortgelyke skema implementeer.</p> <p>Die Direksie het die moontlike bepalings van so 'n skema bespreek en het aanbeveel, onderworpe aan verdere oorweging van die belasting- en rekeningkundige implikasies, dat –</p> <ul style="list-style-type: none"> • FA en CS elk 'n 5%-aandeelhouding in WBP aan SH, NR en geïdentifiseerde middelvlakbestuurders (gesamentlik bekend as 'skemabegunstigdes') verkoop, gegrond op 'n totale waardasie van WBP van R102 miljoen; • WBP 'n lening aan elk van die skemabegunstigdes maak. Hierdie lenings sou rentevry wees en geen vaste terugbetaaldatum hê nie; • die lening aan 'n skemabegunstigde ten volle terugbetaalbaar word indien die skemabegunstigde ophou om in diens van WBP te wees of dienste aan WBP te lewer om enige rede behalwe afsterwe, of indien hy/sy van enige van sy/haar aandele verkoop; • sy/haar lening in die geval van die afsterwe van 'n skemabegunstigde onmiddellik verskuldig en betaalbaar word en dat die aandele teen die aanvanklike aankoopprys of die billike waarde daarvan op die datum van die skemabegunstigde se afsterwe, welke prys ook al hoër is, deur WBP verkry word; • die skemabegunstigde kan kies om die hele of 'n gedeelte van die uitstaande lening ter enige tyd terug te betaal; • WBP die aandele van enige skemabegunstigde teen billike waarde terugkoop indien die skemabegunstigde WBP se diens verlaat of ophou om dienste aan WBP te lewer (as gevolg van aftrede, personeelafleggings of bedanking); en • die skemabegunstigdes geen sekuriteit hoeft te verskaf nie. 	
10	<p>Afsluiting</p> <p>Die Voorsitter het almal bedank vir hul teenwoordigheid en bydraes.</p> <p>Die Direksie het kennis geneem daarvan dat die volgende Direksievergadering vir 18 November 2014 geskeduleer is.</p>	

AANHANGSEL D
BAYWATCH VOORWAARDES KEDULE



Mnr Frik Alexander
WBP (Edms) Bpk

13 November 2014

Per hand

Beste Frik

Nie-bindende aanbod om op 30% van WBP (Edms) Bpk ('WBP') se uitgereikte gewone aandele in te skryf

Inleiding

Na aanleiding van ons onlangse samesprekings wil Baywatch Private Equity (Edms) Bpk ('Baywatch') graag hiermee sy belangstelling en die voorneme om vir 30% van die uitgereikte aandelekapitaal van WBP in te skryf, bevestig.

Voorgestelde transaksie

- 1.1 Baywatch sal vir 21 429 van WBP se gewone sonderpariwaarde-aandele vir 'n kontantteenprestasie van R51 428 571 inskryf. Die inskrywingsprys aanvaar 'n waardasie van 100% van die huidige uitgereikte aandele van R120 miljoen, wat 'n premie op die huidige nettobatewaarde van die maatskappy behels.
- 1.2 Direk na die aandeeluitreiking aan Baywatch sal die getal uitgereikte aandele 71 429 wees.
- 1.3 Die aandeeluitreiking sal onmiddellik nadat aan die opskortende voorwaardes genoem in klousule 4.1 voldoen is, plaasvind.

Inskrywingsteenprestasie

- 2.1 Die waardasie van WBP vir doeleindes van Baywatch se inskrywing op aandele aanvaar dat die EBIT vir die jaar geëindig 31 Oktober 2014 ten minste R9 500 000 sal wees.
- 2.2 Die waardasie van 100% van WBP vir doeleindes van die inskrywing sal verminder word met die bedrag van enige dividend wat tussen die datum van hierdie brief en die inskrywingsdatum verstaanbaar en/of betaal word.
- 2.3 Die waardasie van 100% van WBP vir doeleindes van die inskrywing sal verminder word met die bedrag waarmee die netto rentedraende skuld (rentedraende skuld plus die bankoortrekking min surplus kontantbronne) R25 miljoen oorskry.
- 2.4 Baywatch se waardasie van WBP aanvaar dat –
 - 2.4.1 handelskrediteure in ooreenstemming met normale handelsvoorwaardes betaal is;
 - 2.4.2 voldoende voorraad gehou word om aan aanvraag binne normale besigheidsvereistes te voldoen; en
 - 2.4.3 handelsdebitore in ooreenstemming met normale handelsvoorwaardes betaal het en dat dit ooreenstem met vorige tydperke.

Oikos Building Supplies (Edms) Bpk ('Oikos')

- 3.1 Soos in ons samesprekings bekend gemaak is, beskik Baywatch oor 'n 60% aandeelhoudingsbelang in Oikos. Die ander aandeelhouers in Oikos, synde die

bestuur, het aangedui dat hulle graag uit die besigheid wil tree. Baywatch is bereid om sy aandeelhoudingsbelang aan WBP te verkoop asook om die uittreeproses te faciliteer.

- 3.2 Oikos is 'n verspreider van en kleinhandelaar in houtprodukte, insluitende planke (spaanderbord, laaghout, MDV en hardebord), deure en vensters, rakke, houtgebaseerde panele en deklae wat vir die behandeling van hout gebruik word. Oikos het drie (3) winkels in die Gauteng-provinsie. Die besigheid is goed gevestig en winsgewend.
- 3.3 WBP se verkryging van Oikos sal strategies sin maak aangesien dit voorwaartse integrasie moontlik sou maak en WBP in staat sou stel om kleiner winkeluitrusters, kombuisinstalleerders en meubelsvervaardigers te bedien.
- 3.4 Ten einde die verkryging te faciliteer, is Baywatch bereid is om sy aandeelhouding in Oikos vir aandele in WBP te ruil. WBP se aandeelhouers het verklaar dat hulle onwillig is om hul gesamentlike aandeelhouding met meer as 30% te verwater, en gevvolglik sou Baywatch se kontantinskrywing vir aandele per klosule 1.1 verminder moes word indien WBP 100% van Oikos sou verkry. Die oorblywende aandeelhouers in Oikos verlang dat die koopsom in kontant vereffen word.
- 3.5 WBP se potensiële verkryging van Oikos behoort voor die afhandeling van die inskrywing vir aandele evalueer te word.

Opskortende voorwaardes

- 4.1 Baywatch se voorgestelde inskrywing op nuwe aandele wat deur WBP uitgereik moet word, is onderhewig aan die volgende:
 - 4.1.1 Die goedkeuring van die transaksie deur Baywatch en WBP se direksies;
 - 4.1.2 Die bevredigende afhandeling van 'n noulettendheidsondersoek (Eng: 'due diligence investigation') van WBP se sake deur Baywatch en/of sy ouditeure;
 - 4.1.3 Die aangaan van 'n bindende aandeelhouersooreenkoms tussen Baywatch en WBP se huidige aandeelhouers;
 - 4.1.4 Die aanstelling van 'n nasionale ouditeursfirma om die bestaande ouditeure te vervang; en
 - 4.1.5 Die goedkeuring van die aandeelinskrywing deur alle toepaslike regulerende owerhede.

Die voorwaardes van hierdie nie-bindende aanbod is streng vertroulik en mag nie deur WBP aan enige ander party openbaar gemaak word tensy vooraf skriftelike goedkeuring by Baywatch verkry is nie.

Die aanbod is geldig tot en met 21 November 2014.

Die uwe

Jordan

*Mnr Jordan Balfour
namens Baywatch Private Equity (Edms) Bpk*

Teken asseblief hieronder om u aanvaarding van die bepalings en voorwaardes van hierdie aanbod aan te dui.

*Mnr F Alexander
namens WBP (Edms) Bpk*

AANHANGSEL E
AFSKRIF VAN 'N E-POS VAN ALEXANDER AAN HAWKES

Van:	Frik Alexander	Gestuur: Maandag 27/10/2014 6.32vm
Aan:	Stan Hawkes	
CC:		
Onderwerp:	Resultate vir die jaar	
<p>Beste Stan</p> <p>Ons jaareinde is om die draai en ek raak al hoe meer bekommerd oor die resultate. Ons moet hierdie afwaartse neiging in die wins vinnig stopsit! Kyk asseblief of daar enige manier is waarop ons die wins kan verhoog sonder om oneties op te tree. Indien daar enige onnodige voorsienings is, skryf dit terug. As ons bates kan herwaardeer, maak so. Aangesien Baywatch ons waarskynlik op nettobatewaarde gaan waardeer, moet ons asseblief alles doen wat ons kan.</p> <p>Soos jy weet vorder ons samesprekings met Baywatch flink. Ons moet nou net seker maak dat die wins bo verdenking is en dat daar nie enige geraamtes in die kas is nie. Nie net gaan ons binnekort aan 'n noulettendheidsondersoek deur Baywatch onderwerp word nie, maar ons kan boonop moontlik binne die volgende 12 maande nuwe eksterne ouditeure ook hê, wat waarskynlik allerlei vrae oor ons rekeningkundige praktyke gaan vra. Ek twyfel of daar enige geraamtes is (aangesien ek die besigheid begin het en nog deurgaans bedryf), maar met hierdie omslagtige rekeningkundige beleide en rekeningkundige reëls wat net julle rekenmeesters verstaan, sou ek dit haat om byvoorbeeld 'n waardedaling ten opsigte van aanleg en toerusting (of wat julle ouens ook al hierdie items noem), te moet verduidelik.</p> <p>Jammer dat ek dit weer moet noem, maar kan ons asseblief kyk of ons die verhoudingsontledings by Direksievergaderings kan vereenvoudig? Ons praat so baie oor irrelevante verhoudings dat ons nie genoeg tyd het om op die werklike kwelpunte in die besigheid te fokus nie.</p> <p>Maar nou ja, terug werk toe!</p> <p>Groete <i>Frik</i></p>		

AANHANGSEL F
AFSKRIF VAN 'n E-POS VAN ALEXANDER AAN HAWKES

Van:	Frik Alexander	Gestuur: Donderdag 13/11/2014 5.35nm
Aan:	Stan Hawkes	
CC:		
Onderwerp:	Baywatch se voorwaardeskedule	

Beste Stan

Die Baywatch voorwaardeskedule is vandag per hand by my aangelewer. Ek het vinnig daarna geloer. Ek stel veral belang in die Oikos Building Supplies-kwessie. Klousules 3.4 en 3.5 het my oog gevang. Kan jy asseblief 'n bietjie tyd opsysit om hierdie klousules aan my te verduidelik, want die betekenis is vir my heeltemal duister?

As jy nog steeds op kantoor is, kom maak 'n draai by my, dan gee ek vir jou 'n afskrif van die voorwaardeskedule. Ons sal ons litte moet roer met hierdie een! Hoeveel dink jy gaan hierdie Oikos-verkryging ons kos?

Groete

Frik